

26 November

Skrifgedeelte: Matteus 8:1-10

Fokusgedeelte: Matteus 8:2, 10 (OAV)

Die Woord wat tot genesing lei

In Matteus is hierdie die eerste wonders wat vir ons opgeteken staan. Die Bergrede – Jesus se langste preek op aarde – is afgehandel (vgl. Matt. 5-7). Jesus het deurgaans in sy preek gewys dat woorde dade moet word. Dit wat gesê word, moet ook gedoen word. Jesus Self wys nou dat Hy doen wat Hy sê!

Onder hulle wat moontlik na Jesus se preek kon luister, was 'n baie siek man. Hy is besmet met die verskriklike siekte wat as melaatsheid kenbaar was. Die siekte wat liggaamsdele besmet. Liggaamsdele wat letterlik só besmet kan raak dat dit van die liggaam kan afval. In hierdie verskriklike siekte gaan dit om méér as net die sieke. Die ellende wat hierdie siekte afbeeld, is toonbeeld van die algehele sonde en ellende wat die mens hulpeloos voor God stel. Die sonde met sy smet wat die mens se hele wese raak, sluit nie net die melaatses in nie. Dit sluit alle mense in, maar melaatsheid het wel gedien dat so verskriklik soos hierdie siekte my liggaamsdele van my kan wegneem, so is my sonde óók! Sonde wat my van God wil wegneem, maar in hierdie ellende kan ek na God roep.

Die hulp wat die melaatse vra: *Here, as U wil, kan U my reinig.* Watter aangrypende gesindheid staan hier uitgespreek. Hy bely God se almag: U KAN MY REINIG. Hy bely ook God se vrymag: AS U WIL ... God *wil* en God *kan* omdat God ons *ken*. God se stem en God se hand, die Woord en die Heilige Gees (die vinger van God) het die man aangeraak, hom aangespreek. *Ek wil, word gereinig.* Dadelik is hy gesond, maar daar moet stilte wees. Moet nie hieroor praat nie. Hoekom? Jesus is nie 'n "wonderdokter" nie, maar ons Verlosser. Die man kan wel die priester na die eis van die Wet vra: Is ek regtig gesond? Die priester sal kan bevestig Jesus is waarin Jesaja Hom gesien het: *Hy het ons krankhede op Hom geneem* (Jes. 53:4).

Jesus sou die randfigure, 'n melaatse, 'n Joodse offisier, 'n vrou (Petrus se skoonma), almal deur die Jode uitgestoot en apart geplaas, wel eerste plaas. Ná die melaatse laat die Here die heidense voorman volgende in die ry van wonders inskuif. Hierdie offisier erken dat dit wat Jesus kan doen, ons as gewone mense nie kan doen nie. Die heiden het geglo. Soos die melaatse, het sy geloof hom soos 'n brander na God laat aanroel. Hoe sterk het hierdie seestroom van God se genade ná hierdie heiden ook die ander heidene ingetrek. Van oos en wes kom hulle! Die tafel van God se koninkryk word wyer gedek. Die seile van die geloof is klaar wyer gespan. Daardie kneg van die hoofman is genees, want die groot geloof het woorde gevind wat tot genesing lei. Hoe baie het ons (jy) ontvang wat tot ons genesing kon lei?!

Sing: Psalm 41:2 (Totius)

Ds. PJ Venter (Pretoria-dolerend)